(d) The basic charge is not applicable to service lights in flats.

2. Tariff of charges for the supply of electricity:

2.1 Domestic Consumers.

2.1.1 This tariff shall apply to electricity supplied to the following:

(a) Private dwelling-houses.

(b) Flats and dwelling-units.

(c) Hostels.

(d) Schools.

(e) Social Clubs.

(f) Nursing Homes.

(g) Homes run by charitable institutions.

(h) Churches.

(i) Buildings dedicated to divine worship.

(j) Central heating/cooling of water or air for flats used for domestic purposes.

2.1.2 The following charges shall be payable per month or part thereof:

For all kW.h consumed in any particular month, per kW.h: 13,043c.

2.1.3 Should any portion of any of the premises under subitem 2.1.1 be used for purposes in respect of which a higher charge is leviable in terms of these tariffs, the higher charge shall apply in respect of the whole premises, unless the portion in question is separately wired and metered.

2.2 Business Consumers

2.2.1 This tariff shall apply to electricity supplied to the following consumers with a maximum demand of not more than 100 kV.A measured over any period of 30 consecutive minutes during the month.

(a) Restaurants.

(b) Bars.

(c) Tearooms.

(d) Shops.

(e) Offices.

(f) Stores.

(g) Garages.

(h) Service lights and lifts for flat buildings.

(i) Boarding-Houses.

(j) Hotels.

(k) Advertising signs.

(l) Temporary consumers such as carnivals, fêtes, circusses, floorsanding machines etc.

(m) Any other consumer not provided for under another item of this tariff.

2.2.2 The following charges shall be payable per month or part thereof:

For all kW.h consumed in any particular month, per kW.h: 22,623c.

2.3 Industrial Consumers:

2.3.1 This tariff shall apply to electricity supplied to premises for manufacturing or industrial purposes with a maximum demand of not more than 100 kV.A. measured over any period of 30 consecutive minutes during the month.

2.3.2 The following charges shall be payable per month or part thereof:

For all kW.h consumed in any particular month, per kW.h: 20,771c.

2.4 Bulk Consumers:

2.4.1 This tariff shall apply to consumers (excluding flats and dwelling-units) which are metered jointly with a maximum demand in excess of 100 kV.A measured over any period of 30 consecutive minutes during the month: Provided that the consumer shall give four calendar months written notice to the Engineer if he should desire not to be assessed on this tariff, whereafter the other applicable tariffs will become operative four months after date of receipt of such notice.

2.4.2 The following charges shall be payable per month or part thereof:

(a) A monthly demand charge per kV.A or part thereof of maximum demand: R26,81.

(b) A charge of 6,647c per kW.h for all kW.h consumed in the same month.

2.4.3 To qualify for this tariff the consumer shall comply with the following additional provisions:

(a) The consumer shall notify the Engineer, on the prescribed form, of his anticipated monthly maximum demand in kV.A stating the date upon which the supply will be required, from which date he shall be liable for the charges under this tariff, or from the date upon which the supply is made available whichever is the later. This maximum demand shall be known as the consumer's notified maximum demand: Provided that whenever the metered maximum demand in any month is higher than the notified maximum demand, the former shall be regarded as the consumer's new notified maximum demand.

(b) The demand charge in terms of subitem 2.4.2(a) shall be applied monthly to 70 % of the

notified maximum demand where such figure in any one month is higher than the metered maximum demand in such month. Consumers will be exempted from the conditions of subitem 2.4.3(b) for a period of six months after the commencing date referred to in subitem 2.4.3(a).

(c) Whenever a consumer effects extensions to his electrical installation which will increase his notified maximum demand by more than 10 % he shall notify the Engineer timeously, on the prescribed form, of such anticipated increase, as well as of the date upon which the increased demand will be required. Such increased demand shall be regarded as the consumer's new notified maximum demand from the date stated in the notice or the date upon which the Council has provided the increased demand, whichever is the later.

(d) Whenever a consumer wishes to reduce his notified maximum demand he shall notify the Engineer in writing and such reduced notified maximum demand shall be accepted as the new notified maximum demand for the calculation of charges, six months after the date of a receipt of such notice.

2.5 Special Bulk Consumers:

2.5.1 This tariff shall apply to consumers (excluding flats, dwelling-units and businesses that are metered jointly) with a maximum demand in excess of 2 500 kV.A measured over any period of 30 consecutive minutes during the month: To qualify for this tariff the consumer shall over and above the conditions referred to in subitem 2.5.3 comply with the following condition:

(a) A consumer shall have registered an average maximum demand of more than 2 500 kV.A, measured over any period of 30 consecutive minutes during the month, for 12 consecutive months before he can apply for this tariff.

(b) The condition mentioned in subitem (a) above is not applicable to a consumer who applies for an electrical connection for the first time.

2.5.2 The following charges will be payable per month or part thereof:

(a) A monthly demand charge per kV.A or part thereof of maximum demand: R21,40

(b) Per kW.h consumed: 5,374c

(c) Minimum charge: 2 500 kV.A or 70 % of the notified maximum demand whichever is the highest calculated at the applicable tariff per kV.A provided that the minimum charge will amount to R7 500 in the case of a consumer who has registered an average maximum demand of more than 2 500 kV.A per month for 60 consecutive months.

2.5.3 To qualify for this tariff the consumer shall comply with the following additional provisions:

(a) The consumer shall notify the Engineer, on the prescribed form, of his anticipated monthly maximum demand in kV.A stating the date upon which the supply will be required, from which date he shall be liable for the charges under this tariff, or from the date upon which the supply is made available, whichever is the later. This maximum demand shall be known as the consumer's notified maximum demand: Provided that whenever the metered maximum demand in any month is higher than the notified maximum demand, the former shall be regarded as the consumer's new notified maximum demand.

(b) Notwithstanding the provisions of subitem 2.5.1, should any consumer register an average maximum demand of 2 500 kV.A or less per month for three consecutive months the Council shall in its own sole discretion decide whether or not any consumer shall still qualify for this tariff. If any such consumer does not qualify, the consumer concerned shall be assessed according to the tariffs under subitems 2.3 or 2.4 as the case

may be whereafter the consumer has to comply with the requirements as set out in subitem 2.5.1. before he can re-apply for this tariff. If the month of December forms part of the period of three consecutive months in any way when calculating the average maximum demand, the following formulas will be used for the calculation of the said demand:

$$(i) \frac{A+B+C}{3} = G$$

OR

$$(ii) \frac{B+C+D}{3} = G$$

OR

$$(iii) \frac{C+D+E}{3} = G$$

Where:

G = The average maximum demand per month.

A = The maximum demand metered over any period of 30 consecutive minutes during September of the year concerned.

B = The maximum demand metered over any period of 30 consecutive minutes during October of the year concerned.

C = The maximum demand metered over any period of 30 consecutive minutes during November of the year concerned.

D = The maximum demand metered over any period of 30 consecutive minutes during January of the year directly following the year concerned.

E = The maximum demand metered over any period of 30 consecutive minutes during February of the year directly following the year concerned.

(c) Whenever a consumer effects extensions to his electrical installation which will increase his notified maximum demand by more than 10 % he shall notify the Engineer timeously on the prescribed form of such anticipated increase, as well as of the date on which the increased demand will be required. Such increased demand shall be regarded as the consumer's new notified maximum demand from the date stated in the notice or the date on which the Council has provided the increased demand, whichever is the later.

(d) If a consumer should of his own accord decide not to be assessed on this tariff he shall give the Engineer six months written notice of his intention whereafter the other applicable tariffs will become operative after six months from the date on which such notice was received.

(e) Whenever a consumer wishes to reduce his notified maximum demand he shall notify the Engineer in writing and such reduced maximum demand shall be accepted as the new maximum demand for the calculation of charges six months after the date that such notice was received, provided that the reduced notified maximum demand is in excess of 2 500 kV.A.

2.6 Consumers involved in the extraction of gold and by-products out of old existing minedumps from premises which are directly supplied with Electricity by Eskom:

2.6.1 This tariff shall on application be applicable to consumers mainly involved in the process of extracting gold and by-products out of old existing minedumps from premises which are directly supplied with Electricity by Eskom immediately before the Council supplied electricity to the consumer.

2.6.2 The tariff is the same as Eskom charges of the Brakpan Town Council including a surcharge or discount, if any, for the same month in which the consumption of the consumer concerned will be read both for kW and kW.h.

2.7 Joint Metering of Electricity supplied to Domestic Consumers

2.7.1 In the case of any building or premises completed after 1 January 1984 and comprising of more than one dwelling-unit for occupation by domestic consumers the Council may require one joint meter for all the dwelling-units in the building or premises.

2.7.2 Where a building or premises comprises of various classes of sub-consumers, including domestic consumers, the Council may require a joint meter for all the domestic sub-consumers whilst all other sub-consumers will be metered individually.

2.7.3 No joint metering is allowed for any class of consumer other than domestic, for buildings or premises completed after 1 January 1984.

2.8 Connection and Reconnection Charges

2.8.1 Connections: The charges payable for any connection of a consumer's premises shall be the amount determined by the Engineer taking into account the cost of material, labour and transport, plus 10 % of such amount: Provided that in cases where the estimated connection charges exceed R1 800 the estimate shall be revised afterwards in accordance with the actual costs.

2.8.2 Reconnections: For the reconnection of the supply to any premises after disconnection or for any administrative action taking owing to non-payment of a consumers account, the following charges shall be payable:

(a) Payments made during ordinary Rates Hall hours for reconnection: R25,00;

(b) Payments made after ordinary Rates Hall hours for reconnection: R60,00.

2.9 Deposits

Every applicant for the supply of electricity shall on signing an agreement for such supply, deposit in terms of section 6(1)(a) of the Standard Electricity By-laws a minimum amount of R50,00.

2.10 Disputes as to Charges

In the case of dispute between the consumer and the Engineer or the Town Treasurer with regard to the charge made in respect of connection fees or any other charge in terms of the tariff of charges, the dispute shall be referred to the Council whose decision shall be final and binding.

2.11 Calculation of Charges

In calculating any charge in terms of this tariff of charges a fraction of a cent shall be computed as one cent.

2.12 Repeated Tests and Inspections

For the second and every succeeding inspection in terms of section 17(8)(b) of the Standard Electricity By-laws: R50,00.

2.13 Complaints

For each occasion an official is summoned to investigate a complaint regarding a defect in the electricity supply of the consumer resulting from conditions on his premises: R35,00.

2.14 Testing of Meters

For testing of meters in terms of section 9 of the Electricity By-laws:

2.14.1 Single and three-phase kW.h meters: R40,00.

2.14.2 Maximum demand and kW.h meters R100,00.

2.15 Change of Tariff

Whenever a consumer is of the opinion that he has been charged at an incorrect tariff, or due to a change of circumstances, ought to be charged at a different tariff, the onus shall rest with the consumer to notify the Engineer in writing of the circumstances.

2.16 General Services

The charges payable for any service rendered on request of a consumer for which no provision is made in these tariffs shall be the amount determined by the Engineer taking into account the cost of material, labour and transport, plus 10 % of such amount: Provided that in cases where the estimated charges exceed, R1 800 the estimate shall be revised afterwards in accordance with the actual costs.

2.17 Exemption

In exceptional cases of merit the Council may, after a request from the consumer thereto, assess any consumer on any tariff which normally would not have been applicable.

(D/6-charges, charges 2, 3 @ 4).

29

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2914

STADSRAAD VAN BRAKPAN

INTREKKING VAN DIE TARIEF VAN
GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEK-
TRISITEIT EN VASSTELLING VAN NUWE
TARIEWE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Brakpan by Spe-
siale Besluit die Tarief van Gelde vir die Lewe-
ring van Elektrisiteit gepubliseer onder Kennis-
gewing 99/1989 van 20 September 1989 soos ge-
wysig met ingang 1 Julie 1990 ingetrek het en
nuwe gelde vasgestel het vanaf 1 Julie 1990 soos
in die Bylae hierna uiteengesit.

M J HUMAN
Stadsklerk

Stadhuis
Brakpan
Kennisgewing No. 60/1990
1 Augustus 1990

BYLAE

TARIEF VAN GELDE VIR DIE LEWE-
RING VAN ELEKTRISITEIT

In hierdie tariewe tensy uit die samehang an-
ders blyk, beteken —

“eienaar”

(a) behoudens die bepalings van artikel 38(1)
van die Wet op Deeltitels, 1971 (Wet 66 van
1971), en paragraaf (b), die persoon in wie se
naam die betrokke grond geregistreer is;

(b) in die geval van grond wat die eiendom
van 'n plaaslike bestuur is en wat deur hom ver-
huur word, die huurder; of

(c) in die geval van 'n reg in grond, die huur-
der of die houer van die betrokke reg in grond,

(d) iemand aan wie grond deur die Stadsraad
van Brakpan van die hand gesit is;

“perseel” enige grond en enige gebou, mon-
tering of struktuur bo of onderkant die opper-
vlakke van enige grond en sluit enige vliegtuig,
voertuig of vaartuig in.

1. BASIESE KOSTE

Die volgende heffings ten opsigte van basiese
koste vir elektrisiteit is betaalbaar deur die eien-
aar van 'n perseel per maand of gedeelte daar-
van, per perseel, met of sonder verbeterings,
wat by die Raad se Elektrisiteitsnetwerk aange-
sluit is, of na die mening van die Ingenieur daar-
by aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik
word al dan nie:

A. Persele wat nie by die Raad se Elektriesiteitsnetwerk aangesluit is nie, maar kan word.

(i) Alle persele waarvan die sonering primêr Nywerheid is: R78,00

(ii) Alle Residensieel 2, 3 en 4, Besigheids-, Kommersiële-, Spesiale- en Staatspersele uitgesonderd persele wat vir Onderwysdoeleindes afgesonderd is: R43,00

(iii) Alle ander persele: R10,00

B. Persele wat by die Raad se Elektriesiteitsnetwerk aangesluit is.

(i) Indien elektrisiteit gelewer word, of direk vantevore gelewer is teen die tarief van toepassing op Huishoudelike Verbruikers ingevolge subitem 2.1 van hierdie tariewe: R10,00

(ii) Indien elektrisiteit gelewer word, of direk vantevore gelewer is teen die tarief van toepassing op Besigheidsverbruikers ingevolge subitem 2.2 van hierdie tariewe: R43,00

(iii) Indien elektrisiteit gelewer word, of direk vantevore gelewer is teen die tariewe van toepassing op Nywerheids- en Grootmaatverbruikers ingevolge subitems 2.3 en 2.4 van hierdie tariewe: R78,00.

Met dien verstande dat:

(a) Waar die elektrisiteitstoever aan 'n gebouekompleks voorsien word wat uit eenhede ontwerp vir afsonderlike okkupasie bestaan en vir dieselfde of verskillende doeleindes gebruik word, ongeag of elektrisiteitsverbruik afsonderlik of deur een hoofelektrisiteitsmeter gemeet word, 'n heffing ten opsigte van basiese koste vir elektrisiteit op elke sodanige afsonderlike eenheid betaalbaar is.

(b) Waar 'n eienaar geregtig is op 'n bykomstige korting ten opsigte van Eiendomsbelasting ingevolge artikel 32(1)(b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture (11 van 1977) sodanige persentasie korting ook van toepassing is op die heffing van basiese koste ten opsigte van Elektrisiteit.

(c) Waar 'n eienaar vrygestel word van die betaling van Eiendomsbelasting ingevolge artikels 5(1)(d)(iii), 5(1)(e) en 5(1)(f) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 11 van 1977, sodanige eienaars geregtig is op dieselfde persentasie korting op die heffing vir basiese koste ten opsigte van elektrisiteit waarop die persone in voorbehoudsbepaling (b) hierbo, geregtig is.

(d) Die basiese heffing nie van toepassing is ten opsigte van diensligte by woonstelblokke nie.

2. TARIEF VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

2.1 Huishoudelike Verbruikers.

2.1.1 Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer aan die volgende:

(a) Private woonhuise.

(b) Woonstelle en wooneenhede.

(c) Koshuise.

(d) Skole.

(e) Sosiale Klubs.

(f) Verpleeginrigtings.

(g) Tehuise wat deur liefdadigheidsinrigtings bestuur word.

(h) Kerke.

(i) Geboue aan godsdiensoefening gewy.

(j) Sentrale verhitting/verkoeling van water of lug vir woonstelle wat vir huishoudelike doeleindes gebruik word.

2.1.2 Die volgende gelde is betaalbaar per

maand, of gedeelte daarvan:

Vir alle kW.h in enige besondere maand verbruik per kW.h: 13,043c.

2.1.3 Indien 'n gedeelte van enige van die persele ingevolge subitem 2.1.1 gebruik word vir doeleindes ten opsigte waarvan 'n hoër vordering ingevolge hierdie tariewe gehê word, is die hoër vordering van toepassing ten opsigte van die hele perseel tensy die betrokke gedeelte afsonderlik bedraad en gemeter word.

2.2 Besigheidsverbruikers

2.2.1 Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer aan die volgende verbruikers met 'n maksimum aanvraag van nie meer as 100 kW.A gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende die maand.

(a) Restaurant.

(b) Kroec.

(c) Teekamers.

(d) Winkels.

(e) Kantore.

(f) Magasyns.

(g) Garages.

(h) Diensligte en hysbakke vir woonstelgeboue.

(i) Losieshuise.

(j) Hotelle.

(k) Advertensieborde.

(l) Tydelike verbruikers soos karnavals, kermisse, sirkusse, vloerskuurmasjiene, ens.

(m) Enige ander verbruikers waarvoor daar nie voorsiening gemaak is in enige ander item van hierdie tarief.

2.2.2 Die volgende gelde is betaalbaar per maand, of gedeelte daarvan:

Vir alle kW.h in enige besondere maand verbruik, per kW.h: 22,623c

2.3 Nywerheidsverbruikers

2.3.1 Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit wat aan persele gelewer word vir vervaardiging of nywerheidsdoeleindes met 'n maksimum aanvraag gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende die maand, van nie meer as 100 kW.A.

2.3.2 Die volgende gelde is betaalbaar per maand, of gedeelte daarvan

Vir alle kW.h in enige besondere maand verbruik, per kW.h: 20,771c.

2.4 Grootmaatverbruikers

2.4.1 Hierdie tarief is van toepassing op verbruikers (uitgesonderd woonstelle en wooneenhede) wat gemeenskaplik gemeter word met 'n maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende die maand, van meer as 100 kW.A: Met dien verstande dat die verbruiker vier kalendermaande skriftelik kennis aan die Ingenieur moet gee indien hy verlang om nie meer van die tarief gebruik te maak nie in welke geval die ander toepasslike tariewe in werking tree 4 maande na datum van ontvangs van sodanige kennisgewing.

2.4.2 Die volgende gelde is betaalbaar per maand, of gedeelte daarvan:

(a) 'n Maandelikse aanvraagheffing per kW.A of gedeelte daarvan, van maksimum aanvraag: R26,81.

(b) 'n Heffing van 6,647c per kW.h vir alle kW.h wat in dieselfde maand verbruik is.

2.4.3 Om vir hierdie tarief in aanmerking te kom, moet 'n verbruiker voldoen aan die volgende bykomende vereistes:

(a) Die verbruiker moet sy verwagte maandelikse maksimum aanvraag in kW.A op die voorgeskrewe vorm aan die Ingenieur verstrek met vermelding van die datum waarop dit benodig sal word, vanaf welke datum hy aanspreeklik is vir die heffing bereken volgens hierdie tarief, of vanaf die datum waarop die toevoer beskikbaar word, welke ook al die laatste is. Hierdie maksimum aanvraag staan bekend as die verbruiker se aangemelde maksimum aanvraag: Met dien verstande dat wanneer die gemeterde maksimum aanvraag in enige maand hoër is as die aangemelde maksimum aanvraag, word sodanige hoër aanvraag geag die nuwe aangemelde maksimum aanvraag van die verbruiker te wees.

(b) Die aanvraagheffing ingevolge subitem 2.4.2(a) word maandeliks toegepas op 70 % van die aangemelde maksimum aanvraag waar sodanige syfer in enige maand hoër is as die gemeterde maksimum aanvraag in daardie maand. Verbruikers sal vrygestel wees van die bepaling van subitem 2.4.3(b) vir die eerste ses maande na die inwerkingstredingsdatum soos aangedui in subitem 2.4.3(a).

(c) Wanneer 'n verbruiker uitbreidings aan sy elektriese installasie aanbring wat sy aangemelde maksimum aanvraag met meer as 10 % sal laat styg, moet hy die Ingenieur vroegtijdig op die voorgeskrewe vorm van sodanige verwagte toename in kennis stel, sowel as van die datum waarop die verhoogte maksimum aanvraag benodig sal word. Sodanige hoër aanvraag word die nuwe aangemelde maksimum aanvraag geag van die verbruiker, vanaf die datum in die kennisgewing vermeld of die datum waarop die aanvraag deur die Raad beskikbaar gestel is, welke ook al die laatste is.

(d) Indien 'n verbruiker sy aangemelde maksimum aanvraag wil verminder, moet hy die Ingenieur skriftelik daarvan in kennis stel, en sodanige verminderde aangemelde maksimum aanvraag word aanvaar as nuwe aangemelde maksimum aanvraag vir berekening van heffing, ses maande na die datum van sodanige kennisgewing.

2.5 Spesiale Grootmaatverbruikers

2.5.1 Hierdie tarief is van toepassing op verbruikers (uitgesonderd woonstelle, wooneenhede en besighede, wat gemeenskaplik gemeter word) met 'n maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende die maand, van meer as 2500 kW.A: Ten einde vir hierdie tarief te kwalifiseer sal 'n verbruiker benewens die voorwaardes genoem in subitem 2.5.3 aan die volgende voorwaarde moet voldoen:

(a) 'n Verbruiker moet vir 'n periode van 12 agtereenvolgende maande 'n gemiddelde maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende die maand, van meer as 2500 kW.A per maand geregistreer het alvorens hy sal kan aansoek doen vir hierdie tarief.

(b) Die voorwaarde genoem in subitem (a) hierbo is nie van toepassing op 'n verbruiker wat vir die eerste keer aansoek doen vir 'n elektriese aansluiting nie.

2.5.2 Die volgende gelde is betaalbaar per maand, of gedeelte daarvan:

(a) 'n Maandelikse aanvraagheffing per kW.A of gedeelte daarvan, van maksimum aanvraag: R21,40.

(b) Per kW.h verbruik: 5,374c.

(c) Minimum vordering: 2500 kW.A of 70 % van die aangemelde maksimum aanvraag, watter een ook al die hoogste is teen die toepasslike tarief per kW.A met dien verstande dat die minimum vordering R7 500 bedra in die geval van 'n verbruiker wat vir 60 agtereenvolgende maande 'n gemiddelde maksimum aanvraag van meer as 2500 kW.A. per maand geregistreer het.

2.5.3 Om vir hierdie tarief in aanmerking te kom, moet 'n verbruiker voldoen aan die vol-

gende bykomende vereistes:

(a) Die verbruiker moet sy verwagte maandelikse maksimum aanvraag in kV.A op die voorgeskrewe vorm aan die Ingenieur verstrek met vermelding van die datum waarop dit benodig sal word, vanaf welke datum hy aanspreeklik is vir die heffing bereken volgens hierdie tarief, of vanaf die datum waarop die toevoer beskikbaar word welke ook al die laatste is. Hierdie maksimum aanvraag staan bekend as die verbruiker se aangemelde maksimum aanvraag:

Met dien verstande dat wanneer die gemeenterde maksimum aanvraag in enige maand hoër is as die aangemelde maksimum aanvraag, word sodanige hoër aanvraag geag die nuwe aangemelde maksimum aanvraag van die verbruiker te wees.

(b) Nieteenstaande die bepalings van subitem 2.5.1, indien enige verbruiker vir drie agtereenvolgende maande 'n gemiddelde maksimum aanvraag van 2500 kV.A of minder per maand registreer, sal die Raad in sy eie uitsluitlike diskresie besluit of sodanige verbruiker nog steeds kwalifiseer vir hierdie tarief of nie. Indien sodanige verbruiker nie kwalifiseer nie, sal die betrokke verbruiker volgens die tariewe onder subitem 2.3 of 2.4 na gelang van die omstandighede aangeslaan word, waarna die verbruiker weer sal moet voldoen aan die vereistes soos gestel in subitem 2.5.1 alvorens hy kan aansoek doen vir hierdie tarief. Indien Desember maand op enige wyse deel vorm van die betrokke periode van drie maande waarvoor 'n gemiddelde maksimum aanvraag bepaal moet word, sal die berekening volgens onderstaande formules gemaak word:

$$(i) \frac{A+B+C}{3} = G$$

OF

$$(ii) \frac{B+C+D}{3} = G$$

OF

$$(iii) \frac{C+D+E}{3} = G$$

waar:

G = Die gemiddelde maksimum aanvraag per maand.

A = Die maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende September van die betrokke jaar.

B = Die maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende Oktober van die betrokke jaar.

C = Die maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende November van die betrokke jaar.

D = Die maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende Januarie van die jaar wat volg direk na die betrokke jaar.

E = Die maksimum aanvraag, gemeet oor enige tydperk van 30 opeenvolgende minute gedurende Februarie van die jaar wat volg direk na die betrokke jaar.

(c) Wanneer 'n verbruiker uitbreidings aan sy elektriese installasie aanbring wat sy aangemelde maksimum aanvraag met meer as 10 % sal laat styg, moet hy die Ingenieur vroegtydig op die voorgeskrewe vorm van sodanige verwagte toename in kennis stel, sowel as van die datum waarop die verhoogde maksimum aanvraag benodig sal word. Sodanige hoër aanvraag word die nuwe aangemelde maksimum aanvraag geag van die verbruiker, vanaf die datum in die kennisgewing vermeld of die datum waarop die aanvraag deur die Raad beskikbaar gestel is, welke ookal die laatste is.

(d) Indien 'n verbruiker uit eie oorwegings nie meer gebruik wil maak van hierdie tarief nie, sal hy die Ingenieur skriftelik ses maande kennis moet gee van sodanige voorneme in welke geval die ander toepasslike tariewe in werking sal tree ses maande na ontvangs van sodanige kennisgewing.

(e) Indien 'n verbruiker sy aangemelde maksimum aanvraag wil verminder, moet hy die Ingenieur skriftelik daarvan in kennis stel, en sodanige verminderde aangemelde maksimum aanvraag word aanvaar as nuwe aangemelde maksimum aanvraag vir berekening van heffing, ses maande na die datum van ontvangs van sodanige kennisgewing op voorwaarde dat sodanige verminderde aangemelde maksimum aanvraag meer as 2500 kV.A moet wees.

2.6 Verbruikers wat die ontginning van goud en neweprodukte uit ou bestaande mynhoë onderneem vanaf 'n perseel wat reeds direk van Elektrisiteit deur ESKOM voorsien is:

2.6.1 Hierdie tarief is van toepassing op aanvraag op verbruikers wat die ontginning van goud en neweprodukte uit ou bestaande mynhoë onderneem vanaf 'n perseel wat onmiddellik voordat die Raad aan die verbruiker krag voorsien het, reeds direk van Elektrisiteit deur ESKOM voorsien is.

2.6.2 Die tarief is dieselfde as wat ESKOM toepas met insluiting van die toeslag of korting, indien enige, ten opsigte van die Stadsraad van Brakpan in dieselfde maand as wat die betrokke verbruiker se verbruik afgelees word vir beide die kW. en kW.h.

2.7 Tarief vir Gemeenskaplike Metering van Elektrisiteit voorsien aan Huishoudelike verbruikers:

2.7.1 In die geval van 'n gebou of perseel voltooi na 1 Januarie 1984 wat meer as een woon-eenheid beslaan en wat beskikbaar is vir huishoudelike verbruikers, mag die Raad een gemeenskaplike meter om al die huishoudelike verbruikers te bedien, vereis.

2.7.2 In die geval waar die gebou of perseel verskillende klasse van onderverbruikers met insluiting van huishoudelike verbruikers huisves, mag die Raad een gemeenskaplike meter vir die verbruik van huishoudelike verbruikers vereis, terwyl al die ander verbruikers se elektrisiteit individueel gemeter word.

2.7.3 Geen gemeenskaplike metering sal gemagtig word, vir enige klas van verbruiker, behalwe vir huishoudelike verbruikers, ten opsigte van geboue of persele wat na 1 Januarie 1984 voltooi is.

2.8 Aansluiting- en Heraansluitingsgelde

2.8.1 Aansluitings: Die gelde betaalbaar vir enige aansluiting van 'n verbruiker se perseel is die bedrag bepaal deur die Ingenieur met inagneming van die koste van materiaal, arbeid en vervoer, plus 10 % op sodanige bedrag: Met dien verstande dat in gevalle waar die aansluitingsgelde na raming R1 800 oorskry, die raming agterna na aanleiding van die werklike koste aangepas word.

2.8.2 Heraansluitings: Vir die heraansluiting van die toevoer van enige perseel of enige administratiewe optrede as gevolg van 'n verbruiker se wanbetaling van 'n rekening, is die volgende gelde betaalbaar:

(a) Betalings gemaak gedurende normale Belastingsaalure vir heraansluiting: R25,00

(b) Betaling gemaak na normale Belastingsaalure vir heraansluiting: R60,00.

2.9 Deposito's

Elke aansoeker om vir die lewering van elektrisiteit moet by die ondertekening van 'n ooreenkoms vir sodanige lewering ingevolge artikel 6(1)(a) van die Elektrisiteitsverordeninge, 'n minimum bedrag van R50,00 deponeer.

2.10 Geskille in Verband met Vorderings

In die geval van 'n geskil tussen die verbruiker en die Ingenieur of die Stadstoesourier met betrekking tot die vordering vir 'n aansluiting of enige ander vordering ingevolge hierdie tarief van gelde, word die geskil na die Raad vir beslissing verwys, welke beslissing afdoende en bindend is.

2.11 Berekening van Vorderings

By berekening van enige vordering ingevolge hierdie tarief van gelde word 'n breukdeel van 'n sent tot een sent herlei.

2.12 Hertoefts en Inspeksies

Vir die tweede en daaropenvolgende inspeksie kragtens artikel 17(8)(b) van die Elektrisiteitsverordeninge: R50,00.

2.13 Klagtes

Vir elke geleentheid wat 'n beampte ontbied word vir die ondersoek van 'n klagte oor 'n defek in die verbruiker se elektrisiteitstoevoer wat ontstaan as gevolg van toestand op sy perseel: R35,00.

2.14 Toets van Meters

Vir die toets van meters kragtens artikel 9 van die Elektrisiteitsverordening:

2.14.1 Enkel- en driefasige kW.h-meters: R40,00.

2.14.2 Maksimum aanvraag en kW.h-meters: R100,00.

2.15 Verandering van Tarief

Indien 'n verbruiker van mening is dat hy teen die verkeerde tarief aangeslaan is, of weens veranderde omstandighede in die toekoms teen 'n ander tarief aangeslaan behoort te word, rus die onus op die verbruiker om dit skriftelik onder die aandaag van die Ingenieur te bring.

2.16 Algemene Dienste

Die gelde betaalbaar vir enige diens gelewer op versoek van 'n verbruiker en waarvoor geen voorsiening in hierdie tarief gemaak word nie, is die bedrag bepaal deur die Ingenieur met inagneming van die koste van materiaal, arbeid en vervoer, plus 10 % op sodanige bedrag: Met dien verstande dat in gevalle waar die bedrag betaalbaar na raming R1 800 oorskry, die raming agterna na aanleiding van die werklike koste aangepas word.

2.17 Ontheffing

In uitsonderlike gevalle mag die Raad op versoek van die verbruiker en volgens meriete, enige verbruiker op enige tarief wat nie normaalweg op hom van toepassing sou wees nie, aanslaan.

D6A(tarief1, tarief1, tarief2).

29

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2915
TOWN COUNCIL OF BRAKPAN
WITHDRAWAL OF THE SANITARY TARIFFS AND DETERMINATION OF NEW TARIFFS

In terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Brakpan has, by Special Resolution, rescinded the Sanitary Tariffs published under Notice 100/1989 dated 13 September 1989 with effect from 1 July 1990 and determined new tariffs as set out in the Schedule as from 1 July 1990.

MJ HUMAN
Town Clerk

Town Hall Building
Brakpan
Notice No 61/1990.08.01

**SCHEDULE
SANITARY TARIFF**

1. For the purpose of the tariff under item 2, unless the context indicates otherwise —

(a) "Business" means a commercial, industrial or business undertaking including professional chambers, offices and separate show-rooms.

(b) "Church" means a building which is designed or used as a church, chapel, oratory, place of worship, synagogue, or other place for public religious exercise together with a place for religious instruction on the same premises as, and combined with one or more of the above-mentioned buildings which are being used for social gatherings and recreation, but not a funeral chapel or parsonage.

(c) "Dwelling-unit" means an inter connected suite of rooms designed for occupation and usage by a single family, including such out-buildings and servant's quarters which are usually accessory thereto.

(d) "Flat" means a dwelling-unit which forms part of a building with two or more dwelling-units but does not include a townhouse.

(e) "Dwelling" means a single detached dwelling-unit and includes a semi-detached house or a townhouse whether it is a detached dwelling-unit or part of a block of townhouses.

2. Refuse and Rubbish Removal:

For the removal of refuse per removal per week in tied-up plastic bags from the pavement per month or part thereof, from premises with improvements whether use is made of the service or not.

(a) Per dwelling or per church: R10,65.

(b) Per flat: R8,25.

(c) Per business: R21,25.

(d) Per school, provincial and government offices or any other buildings or premises not provided for elsewhere: R20,05.

(e) Hostels: per 25 inhabitants or portion thereof: R11,80.

3. For the provision and removal of the contents of bulk refuse receptacles:

(a) For the provision by the Council of bulk refuse receptacles of 1,75 m³ and bigger but smaller than 5 m³, per receptacle, per month or part thereof: R36,00.

(b) For each removal per week of the contents of bulk refuse receptacles of 1,75 m³ and bigger but smaller than 5 m³, per month or part thereof: R19,00.

(c) For the provision by the Council of bulk refuse receptacles of 5 m³ and bigger, per receptacle, per week or part thereof: R30,00.

(d) For each removal of a bulk refuse receptacle of 5 m³ and bigger, per removal: R50,00.

4. For the hire of refuse receptacles:

(a) For the hire of refuse receptacles with a cubic measure of approximately 85 litres supplied by the Council for special occasions on the provision that the hirer is responsible for placing of refuse within said receptacle at the time of the removal by the Head: Health Service. Per refuse receptacle, per 7 day period or part thereof: R3,55.

(b) A deposit is payable for each refuse receptacle that is hired and is only refundable by the Town Treasurer upon notification of the collection of the said receptacles by the Chief Health Service at a pre-determined place and time as arranged with the hirer. Deposit per refuse receptacle: R35,00.

5. For the dumping of refuse at the refuse dumping site by the public:

(a) For the dumping of refuse by means of a vehicle with a load capacity not exceeding 1 999 kg per load: No charge.

(b) For the dumping of refuse by means of a vehicle with a load capacity of:

(i) More than 1 999 kg but not exceeding 4 999 kg, per load: R36,00.

(ii) More than 4 999 kg but not exceeding 9 999 kg, per load: R60,00.

(iii) More than 9 999 kg per load: R95,00.

(c) The Council may exempt any person from paying the aforementioned tariffs for dumping on such places subject to such conditions as determined by the Council.

Dumping at the Council's dumping site is assessed according to the load capacity indicated on a vehicle and the registered owner of the vehicle and the person using the dumping site is jointly and severally liable for charge levied in terms of item 6.

6. Removal of carcasses:

For the removal of carcasses, including the burial or disposal thereof, per carcass.

(a) Sheep, dogs and animals of similar and smaller size: R12,00.

(b) Cattle, horses, mules, donkeys and other animals of similar size: R72,00.

7. Vacuum tank service:

For the removal of contents of septic or storage tanks, per 6,5 kℓ or part thereof: R118,00.

8. General:

(1) The Chief Health Services may in his discretion require the occupant and/or owner of any premises or both to utilize additional refuse services and/or receptacles.

(2) Written notification for the reduction of any removal service at any time shall be given to the Chief Health Services 30 days in advance.

(D8/Sanitary & san1)
RM/hc

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2915**

STADSRAAD VAN BRAKPAN

INTREKKING VAN DIE SANITÊRE TARIEF EN VASSTELLING VAN NUWE TARIËWE

Ingevolge Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Brakpan by Spesiale Besluit die Sanitêre Tariëwe afgekondig by Kennisgewingnummer 100/1989 van 13 September 1989 met ingang 1 Julie 1990 ingetrek het en nuwe Sanitêre Tariëwe vasgestel het vanaf 1 Julie 1990 soos uiteengesit in die Bylae.

M J HUMAN
Stadsklerk

Stadshuis
Brakpan
Kennisgewing Nr 61/1990.08.01

**BYLAE
SANITÊRE TARIËF**

1. Vir die doeleindes van die tarief, onder item 2 sonder om die gewone betekenis enigins te beperk beteken —

(a) "Besigheid" 'n handels-, nywerheids- of sakeonderneming insluitende professionele kamers, kantore en afsonderlike vertoonlokale.

(b) "Kerk" 'n gebou wat ontwerp is vir gebruik of wat gebruik word vir 'n kerk, kapel, bidvertrek, bedehuis, sinagoge of ander plek vir openbare godsdiensoefening tesame met 'n plek vir godsdiensoeffening op dieselfde eiendom as en verbonde aan engeen van bogenoemde geboue en wat bedoel is om vir gesellige bedrywighede en ontspanning gebruik te word maar nie 'n begrafniskapel of 'n pastorie nie.

(c) "Woonenheid" 'n onderlinge verbinde stel kamers, ontwerp vir bewoning en gebruik deur 'n enkele gesin insluitende sodanige buitegeboue en bediendekwartiere wat gewoonlik bykomstig daartoe is.

(d) "Woonstel" 'n woonenheid wat deel is van 'n gebou wat twee of meer woonenhede bevat maar sluit nie 'n dorps- of meenthuis in nie.

(e) "Woonhuis" 'n enkele losstaande woonenheid en sluit in 'n skakelwoning of 'n dorps- of meenthuis hetsy dit 'n losstaande woonenheid of deel van 'n blok dorps- of meenthuise is.

2. Verwydering van Vullis en Afval.

Vir die verwydering van vullis per verwydering per week in toegebinde plastiese sakke vanaf die sypaadjie, per maand of gedeelte daarvan, by ontwikkelde persele hetsy daar van die diens gebruik gemaak word, al dan nie:

(a) Per woonhuis of per kerk: R10,65.

(b) Per woonstel: R8,25.

(c) Per besigheid: R21,25.

(d) Per skool, provinsiale en regeringskantore en enige ander gebou of perseel waarvoor nie elders voorsiening gemaak is nie: R20,05.

(e) Hostelle: Per 25 inwoners of gedeelte daarvan: R11,80.

3. Verskaffing en verwydering van die inhoud van massavullishouers:

(a) Vir die verskaffing van massavullishouers deur die Raad van 1,75 m³ en groter maar kleiner as 5 m³, per houer, per maand of gedeelte daarvan: R36,00.

(b) Vir elke verwydering per week van die inhoud van massavullishouers van 1,75 m³ en groter maar kleiner as 5 m³, per maand of gedeelte daarvan: R19,00.

(c) Vir die verskaffing van massavullishouers deur die Raad van 5 m³ en groter, per houer, per week of gedeelte daarvan: R30,00.

(d) Vir elke verwydering van 'n massavullishouer van 5 m³ en groter, per verwydering: R50,00.

4. Verhuring van vullishouers:

(a) Vir die verhuring van vullishouers met 'n inhoudsmaat van ongeveer 85 liter deur die Raad verskaf vir spesiale geleenthede, onderworpe daaraan dat die huurder verantwoordelik sal wees om toe te sien dat alle vullis en rommel in die vullishouers geplaas moet wees, ten tye van die verwydering deur die Hoof: Gesondheidsdienste. Per vullishouer, vir 'n tydperk van 7 dae of gedeelte daarvan: R3,55.

(b) 'n Deposito is ook betaalbaar vir elke vullishouer wat uitverhuur word en is slegs deur die Stadtesourier terugbetaalbaar op versoek van die Hoof: Gesondheidsdienste nadat hy die vullishouers terugontvang het op 'n voorafbepaalde plek en tyd soos met die huurder ooreengekom: R35,00.

5. Vir die stort van vullis by 'n stortterrein deur die publiek:

(a) Vir die stort van vullis met 'n voertuig met 'n dravermoë van hoogstens 1 999 kg per vrug: Gratis.

(b) Vir die stort van vullis met 'n voertuig met 'n dravermoë van:

(i) Meer as 1 999 kg tot en met 4 999 kg per vrug: R36,00.

(ii) Meer as 4 999 kg tot en met 9 999 kg, per vrug: R60,00.

(iii) Meer as 9 999 kg, per vrug: R95,00.

(c) Die Raad kan aan enige persoon vrystelling verleen van betaling van voormelde gelde vir die storting op sodanige plekke onderworpe aan sodanige voorwaardes soos deur die Raad bepaal.

Storting by die Raad se stortingsterrein word aangeslaan volgens die dravermoë wat op die voertuig aangedui word en die geregistreerde eienaar van die voertuig is gesamentlik en afsonderlik met die persoon wat die stortterrein gebruik, aanspreeklik vir die gelde gehef ingevolge item 6.

6. Verwydering van Karkasse:

Vir die verwydering van karkasse, insluitende die begrawe of wegruiming daarvan, per karkas:

(a) Skape, honde en diere van soortgelyke grootte en ander kleiner diere: R12,00.

(b) Beeste, perde, muile, donkies en ander diere van soortgelyke grootte: R72,00.

7. Vakuumtenkdienste:

Vir die verwydering van die inhoud van septiese of opgaartenks, per 6,5 kl of gedeelte daarvan: R118,00.

8. Algemeen:

(1) Die Hoof Gesondheidsdienste mag waar dit na sy mening wenslik is, van die okkuperder en/of eienaar of beide van enige perseel vereis om van bykomende dienste en/of vullishouers gebruik te maak.

(2) Kennisgewing om enige verwyderingsdiens te eniger tyd te verminder moet skriftelik aan die Hoof Gesondheidsdienste gegee word, 30 dae voordat sodanige verminderde diens vereis word.

(D8/Sanitaire, SANI, SANI2)
RM/hc

29

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2916
TOWN COUNCIL OF BRAKPAN
AMENDMENT OF THE TARIFFS OF LICENCE FEES RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL**

Notice is hereby given in terms of Section 80(B) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Brakpan has by Special Resolution amended the Tariff of Licence fees relating to Licences and Business Control published under Administrators Notice 67 dated 27 January 1954, as amended with effect from 1 September 1990.

The general purport of the proposed amendment is to increase the tariff of licence fees for public vehicles.

Particulars of the aforementioned amendment lie open for inspection during normal office hours at Room 13, Town Hall, Brakpan, until 12 September 1990.

Any person who desires to object to the amendment of the abovementioned tariffs must do so in writing to the undersigned not later than 12 September 1990.

M J HUMAN
Town Clerk

Town Hall Building
Brakpan
1 August 1990
Notice No. 63/1990

GM/AIW

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2916**

STADSRAAD VAN BRAKPAN

WYSIGING VAN TARIEF VAN LISENSIEGELDE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDE

Hiermee word ooreenkomstig Artikel 80(B) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Brakpan by Spesiale Besluit, die Tarief van lisensiegelde betreffende lisensies en beheer oor Besighede afgekondig by Administrateurskennisgewing 67 van 27 Januarie 1954 soos gewysig, met ingang 1 September 1990 verder gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is om die tarief van lisensiegelde vir openbare voertuie te verhoog.

Besonderhede van voormelde wysiging lê ter insae gedurende gewone kantoorure by Kamer 13, Stadhuis, Brakpan tot 12 September 1990.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die wysiging van bogemelde tariewe moet dit skriftelik rig aan die ondergetekende nie later as 12 September 1990 nie.

M J HUMAN
Stadslerk

Stadhuis
Brakpan
1 Augustus 1990
Kennisgewing Nr. 63/1990

GM/AIW

29

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2917
TOWN COUNCIL OF BOKSBURG**

NOTICE OF RECTIFICATION

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 read with section 95 of the said Ordinance, that condition of establishment 1(8) of the Schedule published in English under Local Authority Notice 1635 in the Official Gazette of the Province of Transvaal No 4686 dated 13 June 1990 is hereby rectified by the substitution for the said condition of the following condition:-

1(8) Obligations with regard to engineering services.

The township owner shall within such period as the Local Authority may determine, fulfil his obligations in respect of the provision and installation of the engineering services as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

J J COETZEE
Town Clerk

Civic Centre
Boksburg
29 August 1990
Notice No 130/1990

14/19/3/13/25

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2917**

STADSRAAD VAN BOKSBURG

KENNISGEWING VAN REGSTELLING

Kennis geskied hiermee kragtens die bepaling van artikel 80 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 gelees met ar-

tikel 95 van die gemelde Ordonnansie dat stigtingsvoorwaarde 1(8) van die Skedule gepubliseer in Engels onder Plaaslike Bestuurskennisgewing 1635 gepubliseer in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal Nr. 4686 gedateer 13 Junie 1990 hiermee reggestel word deur die vervanging van die gemelde voorwaarde deur die volgende voorwaarde:-

1(8) Obligations with regard to engineering services

The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil his obligations in respect of the provision and installation of the engineering services as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

J J COETZEE
Stadsklerk

Burgersentrum
Boksburg
29 Augustus 1990
Kennisgewing No. 130/1990
14/19/3/13/25

29

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2918

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG

PROPOSED PROCLAMATION OF A ROAD OVER PORTIONS 18 AND 47 OF THE FARM RONDEBULT 136 IR

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 5 and the Local Authorities Roads Ordinance, 1904 that the Town Council of Boksburg has petitioned the Minister of the Budget and Local Government, Administration: House of Assembly to proclaim the public road described in the appended schedule.

A copy of the petition and appropriated diagram can be inspected at Room 226, second floor, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg, during office hours from the date hereof until 11 October 1990.

All persons interested, are hereby called upon to lodge objections, if any, to the proposed proclamation of the proposed road, in writing and in duplicate, with the Head of Department: Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Private Bag X340, Pretoria and the Town Council of Boksburg, within one month of the latest publication of this notice.

J J COETZEE
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 215
Boksburg
1460
Notice 119/1990

15/3/3/50

SCHEDULE

PROPOSED PROCLAMATION OF A ROAD OVER PORTIONS 18 AND 47 OF THE FARM RONDEBULT 136 IR

On the transfer of Erf 972 a servitude of right of way must be registered over Erven 969, 970 and 971 in favour of Erf 972.

SE MOSTERT
Town Clerk

Civic Centre
Cnr West Street and Rivonia Road
Sandown
Sandton
2196
29 August 1990
Notice No 208/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3024

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stadsraad van Sandton hierby die dorp Douglasdale Uitbreiding 63 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

**VOORWAARDES WAAROP DIE AAN-
SOEK GEDOEN DEUR BULKELEY FAMILI
TRUST INGEVOLGE DIE BEPALINGS
VAN DIE ORDONNANSIE OP
DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986,
OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG
OP GEDEELTE 70 ('N GEDEELTE VAN
GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS DOUG-
LASDALE 195 IQ, PROVINSIE TRANS-
VAAL, TOEGESTAAN IS**

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Douglasdale Uitbreiding 63.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No A 5459/89.

**(3) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN
NOODSAAKLIKE DIENSTE ASOOK DIE
BOU VAN STRATE EN STORMWATER-
DREINERING**

Die dorpstigters moet alle interne dienste in die dorp installeer en voorsien, onderworpe aan die goedkeuring van die plaaslike bestuur.

(4) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(5) VERSKUIWING OF DIE VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaars gedra word.

(6) BEPERKING OP DIE VERVREEMDING VAN ERWE 959 EN 960

Die dorpseienaar mag nie binne 'n tydperk van ses maande na verklaring van die dorp tot goedgekeurde dorp Erwe 959 en 960 aan enige persoon of liggaam anders as die plaaslike bestuur te koop aanbied of vervreem nie tensy die plaaslike bestuur skriftelik aangedui het dat die plaaslike bestuur nie die erf wil aanskaf nie.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Stadsraad van Sandton ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

(1)(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidinge en ander werke wat hy volgens goeਦunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud

of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidinge en ander werke veroorsaak.

(2) ERF 972

By oordrag van Erf 972 moet 'n serwituut van reg van weg ten gunste van Erf 972 oor Erwe 969, 970 en 971 geregistreer word.

SE MOSTERT
Stadsklerk

Burgersentrum
H/v Weststraat en Rivoniaweg
Sandown
Sandton
2196
29 Augustus 1990
Kennissgewing No 208/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3025

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the Sandton Town Council hereby declares Douglasdale Extension 51 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY BULKELEY FAMILY TRUST UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 66 (A PORTION OF PORTION 1) OF THE FARM DOUGLASDALE 195 IQ PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Douglasdale Extension 51.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on general Plan SG No A5040/88.

(3) OBLIGATIONS IN REGARD TO ESSENTIAL SERVICES AND STREETS AND STORMWATER DRAINAGE

The township owners shall install and provide all internal services in the township, subject to the approval of the local authority.

(4) LAND FOR MUNICIPAL PURPOSES

Erf 927 shall be transferred to the Sandton Town Council by and at the expense of the township owner as park (public open space).

(5) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the Sandton Town Council to do so.

(6) REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

(7) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven shall be subject to the following conditions imposed by the Sandton Town Council in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

(1)(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERVEN 917 AND 919

(a) The erven are subject to a servitude for road purposes in favour of the Sandton Town Council, as indicated on the General Plan. On submission of a certificate from the Sandton Town Council to the Registrar of Deeds stating that the servitude is no longer required, this condition shall lapse.

(b) The erven are subject to a servitude for municipal purposes in favour of the Sandton Town Council, as indicated on the General Plan.

(3) ERF 918

On transfer of Erf 918 a servitude of right of way must be registered over Erf 919 in favour of Erf 918.

SE MOSTERT
Town Clerk

Civic Centre
Cnr West Street and Rivonia Road
Sandown
Sandton
2196
Notice No. 209/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3025**VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stadsraad van Sandton hierby die dorp Douglasdale Uitbreiding 51 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR BULKELEY FAMILY TRUST INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 66 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS DOUGLASDALE 195 IQ, PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES**(1) NAAM**

Die naam van die dorp is Douglasdale Uitbreiding 51.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No A5040/88.

(3) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE ASOOK DIE BOU VAN STRATE EN STORMWATER-DREINERING

Die Dorpstigters moet alle interne dienste in die dorp installeer en voorsien, onderworpe aan die goedkeuring van die plaaslike bestuur.

(4) GROND VIR MUNISIPALE DOEL-EINDES

Erf 927 moet deur en op koste van die dorps-eienaar aan die plaaslike bestuur as park (publieke oopruimte) oorgedra word.

(5) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorps-eienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulyn-reserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die Stadsraad van Sandton dit vereis.

(6) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(7) VERSKUIWING OF DIE VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorps-eienaars gedra word.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Stadsraad van Sandton ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

(1)(a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele servituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur, met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige servituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidinge en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te

plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidinge en ander werke veroorsaak.

(2) ERWE 917 EN 919

(a) Die erwe is onderworpe aan 'n servituut vir paddoeleindes ten gunste van die Stadsraad van Sandton, soos op die Algemene Plan aangedui. By die indiening van 'n sertifikaat deur die Stadsraad van Sandton aan die Registrateur van Aktes waarin vermeld word dat sodanige servituut nie meer benodig word nie, vervel die voorwaarde.

(b) Die erwe is onderworpe aan 'n servituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die Stadsraad van Sandton, soos aangedui op die Algemene Plan.

(3) ERF 918

By oordrag van Erf 918 moet 'n servituut ten gunste van Erf 918 oor Erf 919 geregistreer word.

SE MOSTERT
Stadsklerk

Burgersentrum
h/v Weststraat en Rivoniaweg
Sandown
Sandton
29 Augustus 1990
Kennissgewing No. 209/1990

29

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3026**NOTICE 53 OF 1990**

The Town Council of Randfontein hereby gives notice, in terms of Section 6(8)(a) of the Division of Land Ordinance, 1986, (Ordinance 20 of 1986), that an application to divide the land described hereunder has been received.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Town Clerk, Town Hall, Sutherland Avenue, Randfontein.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who wishes to make representations in regard thereto shall submit his objections or representations in writing and in duplicate to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 218, Randfontein, 1760, within a period of 28 days from the date of the first publication of this notice.

Date of first publication: 29 August 1990.

Description of land: Portion 135 of the farm Randfontein 247 I.Q.

The land is divided in two portions namely: Remainder of Portion 135 of the farm Randfontein 247 I.Q. — 2,3898 hectares.

Portion 1 of Portion 135 of the farm Randfontein 247 I.Q. — 3,7934 hectares.

L M BRITS
Town Clerk

P.O. Box 218
Randfontein
1760

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3026**KENNISGEWING 53 VAN 1990**

Die Stadsraad van Randfontein gee hiermee, ingevolge Artikel 6(8)(a) van die Ordonnansie

op Verdeling van Grond, 1986, (Ordonnansie 20 van 1986) kennis dat 'n aansoek ontvang is om die grond hieronder beskryf, te verdeel.

Verdere besonderhede van die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk, Stads-huis, Sutherlandlaan, Randfontein.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of verhoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of verhoë skriftelik en in tweevoud by die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 218 Randfontein, 1760, te eniger tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing, indien.

Datum van eerste publikasie: 29 Augustus 1990.

Beskrywing van grond: Gedeelte 135 van die plaas Randfontein 247 I.Q.

Word verdeel in twee gedeeltes naamlik: Re-stant van Gedeelte 135 van die plaas Randfontein 247 I.Q. — 2,3898 hektaar.

Gedeelte 1 van Gedeelte 135 van die plaas Randfontein 247 I.Q. — 3,7934 hektaar.

L M BRITS
Stadsklerk

Posbus 218
Randfontein
1760

29—5

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3027

VILLAGE COUNCIL OF BLOEMHOF

DETERMINATION OF CEMETERY CHARGES

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Village Council of Bloemhof has, by special resolution, determined the Cemetery Charges as set out below, with effect from 1 July 1990:

TARIFF OF CHARGES

1. Opening and closing of a grave for a person above the age of 12 years who at date of decease resided within the municipality or is a ratepayer: R200,00.

2. Opening and closing of a grave for a person 12 years of age and under whose parents reside within the municipality at date of decease or is a ratepayer: R30,00.

3. Opening and closing of a grave for a person above the age of 12 years who at date of decease resided outside the municipality: R300,00.

4. Opening and closing of a grave for a person 12 years of age and under whose parents reside outside the municipality at date of decease: R60,00.

5. Reserving a grave, for either an adult or child: R10,00.

6. The opening of an existing grave for re-interment or inquest: R40,00.

D V CALLAGHAN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 116
Bloemhof
2660
Notice No. 20/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3027

DORPSRAAD VAN BLOEMHOF

VASSTELLING VAN BEGRAAFPLAAS-GELDE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Bloemhof, by spesiale besluit, die Begraafplaasgelde soos hieronder uiteengesit, vasgestel het met ingang 1 Julie 1990:

TARIEF VAN GELDE

1. Grawe en toemaak van graf vir 'n persoon bo die ouderdom van 12 jaar wat tydens datum van afsterwe binne die munisipaliteit gewoon het of 'n belastingbetaler is: R200,00.

2. Grawe en toemaak van graf vir 'n persoon van die ouderdom van 12 jaar en onder wie se ouers tydens datum van afsterwe binne die munisipaliteit woon of 'n belastingbetaler is: R30,00.

3. Grawe en toemaak van graf vir 'n persoon bo die ouderdom van 12 jaar wat tydens datum van afsterwe buite die munisipaliteit gewoon het: R300,00.

4. Grawe en toemaak van graf vir 'n persoon van die ouderdom van 12 jaar en onder wie se ouers tydens datum van afsterwe buite die munisipaliteit woon: R60,00.

5. Bespreking van grafte, hetsy vir 'n volwasene of kind: R10,00.

6. Vir oopmaak van 'n bestaande graf vir herbegrawe of geregtelike ondersoek: R40,00.

D V CALLAGHAN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 116
Bloemhof
2660
Kennisgewing No. 20/1990

29

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3029

CITY COUNCIL OF PRETORIA

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 3265

It is hereby notified in terms of the provisions of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the City Council of Pretoria has approved the amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974 being the rezoning of Portion 1 of Erf 93 and Erf 1112, Arcadia to Special for offices and a filling station subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the Town Clerk of Pretoria and the Provincial Secretary: Branch Community Services, Pretoria, and are open to inspection during normal office hours.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 3265 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

(K13/4/6/3265)

J N REDELINGHUIJS
Town Clerk

Notice 396/1990

PB-2

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3029

STADSRAAD VAN PRETORIA

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 3265

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Stadsraad van Pretoria die wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974 goedgekeur het, synde die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 93 en Erf 1112, Arcadia tot Spesiaal vir kantore en 'n vulstasie onderhewig aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Stadsklerk van Pretoria en die Provinsiale Sekretaris: Tak Gemeenskapsdienste, Pretoria, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 3265 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

(K13/4/6/3265)

J N REDELINGHUIJS
Stadsklerk

Kennisgewing 396/1990

PB-1a

29

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3030

LOCAL AUTHORITY OF HARTBEES-POORT

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1990 TO 30 JUNE 1991

(Regulation 17)

Notice is hereby given in terms of section 26(2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the following rates have been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll:

a. on the site value of land earmarked for residential purposes and used as such: 2,3 cents in the Rand,

b. on the site value of land earmarked for residential purposes and still undeveloped: 2,6 cents in the Rand,

c. on the site value of land utilized for purposes of conducting business or utilized other than residential 1: 2,8 cents in the Rand,

with the exception of agricultural holdings and farm portions incorporated into the jurisdiction of the Council in accordance with Administrators Notice 1900 of 23 December 1987, which are exempted from general rates except in cases where any such properties are utilized for purposes other than residential/agriculture in accordance with a consent use granted or on own initiative, which properties fall under (c) above.

In terms of section 21(4) of the said Ordinance, a rebate on the general rate levied on the site value of any land or any right in land referred to in paragraph (a) above, is granted in respect of property owners where the property is utilized for residential purposes by such owner where he/she is a pensioner and his/her income is less than R700,00 per month for married and R350,00 per month for unmarried persons.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable on 1 October 1990 (the fixed day) but may, for convenience of ratepayers, be paid either on 1 October 1990 or in twelve equal monthly instalments as indicated on the account.

Interest of 14 % per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

P G PRETORIUS
Town Clerk

Municipal Offices
Marais Street
PO Box 976
Hartbeespoort
0216
Notice No. 21/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
3030

PLAASLIKE BESTUUR VAN HARTBEE-
POORT

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIEN-
DOMSBELASTING EN VAN VASGE-
TELDE DAG VIR BETALING TEN OP-
SIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1990
TOT 30 JUNIE 1991

(Regulasie 17)

Kennis geskied hiermee dat, ingevolge artikel 26(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

a. op die terreinwaarde van grond wat vir residensiële doeleindes geoormerk is en as sodanig benut word: 2,3 sent in die rand,

b. op die terreinwaarde van grond wat vir residensiële doeleindes geoormerk is en onontwikkel is: 2,6 sent in die rand,

c. op die terreinwaarde van grond wat vir die doeleindes van besigheid of anders as Residensiële 1 benut word: 2,8 sent in die rand,

met die uitsondering dat landbouhoewes en plaasgedeeltes wat kragtens Administratiewe kennisgewing 1900 van 23 Desember 1987 in die regsgebied van die Raad ingelyf is, vrygestel is van algemene eiendomsbelasting met dien verstande dat enige sodanige eiendomme wat kragtens 'n vergunde gebruiksreg of op eie inisiatief vir doeleindes anders as streng bewoning/landbou benut word wel geag te word om onder (c) te ressorteer.

Ingevolge artikel 21(4) van genoemde Ordonnansie word 'n korting van 40 % op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond genoem in (a) hierbo, toegestaan ten opsigte van grondeienaars wat die eiendom self bewoon waar die gemelde eienaar 'n pensioentrekker is en sy/haar inkomste minder as R700,00 per maand vir getroude en R350,00 vir ongetroude persone be- loop.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van die gemelde Ordonnansie beoog, is op 1 Oktober 1990 (vasgestelde dag) betaalbaar, maar mag ten geriewe van belastingbetalers of op 1 Oktober 1990 of in twaalf gelyke paaiement soos op die rekeningstaat aangetoon, betaal word.

Rente teen 14 % per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en

wanbetalers is onderhewig aan regsproes vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

P G PRETORIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Maraisstraat
Schoemansville
Posbus 976
Hartbeespoort
0216
Kennisgewing No 21/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2753

TOWN COUNCIL OF SPRINGS

PROCLAMATION OF A ROAD OVER PORTION 85 AND THE REMAINDER OF THE FARM GEDULD 123 I.R.

Notice is hereby given in terms of section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, as amended, that the Town Council of Springs has petitioned the Administrator to proclaim as a public road the road as described in the schedule hereto, and defined by diagram S.G. No. A5571/88 framed by Land Surveyor G.A. Purchase from a survey performed during August 1988.

A copy of the petition and the diagram are open for inspection in the office of the undersigned during ordinary office hours.

Any interested person who wishes to lodge any objection to the proclamation of the proposed road must lodge his/her objection in writing in duplicate with the Director of Local Government, Private Bag X340, Pretoria 0001, and with the undersigned not later than 1 October 1990.

H A DU PLESSIS
Town Clerk

Civic Centre
Springs
27 July 1990
Notice No. 103/1990

SCHEDULE

DESCRIPTION OF ROAD

A road generally 35 m wide which is a link-up between East-Geduld and Welgedacht Roads.

RIGHTS AFFECTED

Ref No.	RMT Plan No.	Permit No.	Description of Right	Holder/Custodian
1.	PL 1955	A112/64	Water pipe track	S.A Pulp and Paper Industries Ltd.
2.	O 119/74	129/75	Railway track and siding	Impala Platinum Ltd.
3.	PL 1440	A185/52	Underground pilot and Telephone cable	ESKOM
4.	O 160/77	189/77	Sewer main	Town Council of Springs
5.	PL 1067	A178/41	Sewer pipe tracks	Town Council of Springs
6.	PL 1073	A252/41	Overhead electric power lines with underground electric cables	ESKOM
7.	PL 1411	A 5/52	Overhead electric power lines with underground electric cables	ESKOM
8.	PL 585	A 36/31	Electric power distribution lines and underground electric cables	ESKOM

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2754

TOWN COUNCIL OF SPRINGS

PROCLAMATION OF A ROAD OVER THE FARM VOGEL-STRUISBULT 127 I.R.

Notice is hereby given in terms of section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, as amended, that the Town Council of Springs has petitioned the Administrator to proclaim as a public road the road as described in the schedule hereto, and defined by diagram S.G. No. A1303/89 framed by Land Surveyor G.A. Purchase from a survey performed during January 1989.

A copy of the petition and diagrams are open for inspection in the office of the undersigned during ordinary office hours.

Any interested person who wishes to lodge any objection to the proclamation of the proposed road must lodge his/her objection in writing in

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2753

STADSRAAD VAN SPRINGS

PROKLAMERING VAN 'N PAD OOR GEDEELTE 85 EN DIE RESTERENDE GEDEELTE VAN DIE PLAAS GEDULD 123 I.R.

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 5 van die "Local Authorities Roads Ordinance", 1904, soos gewysig, dat die Stadsraad van Springs 'n versoekskrif tot die Administrateur gerig het om die pad wat in die bylae hiervan omskryf word en gedefinieer word deur diagram L.G. Nr. A5571/88 wat deur Landmeter G.A. Purchase opgestel is van opmetings wat in Augustus 1988 gedoen is, as openbare pad te proklameer.

'n Afskrif van die versoekskrif en die diagram lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige belanghebbende persoon wat 'n beswaar teen die proklamerings van die voorgestelde pad het, moet sodanige beswaar skriftelik, in tweevoud, by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Private Bag X340, Pretoria 0001, en die ondergetekende indien nie later nie as 1 Oktober 1990.

H A DU PLESSIS
Stadsklerk

Burgersentrum
Springs
27 Julie 1990
Kennisgewing Nr. 103/1990

BYLAE

BESKRYWING VAN PAD

'n Pad oor die algemeen ongeveer 35 m wyd wat 'n verbindingspad is tussen Oos-Geduld en Welgedachtweg.

REGTE WAT GERAAK WORD

Verwys Nr.	RMT Plan	Permit Nr.	Beskrywing van reg	Houer
1.	PL 1955	A112/64	Waterpyplynroete	S.A Pulp and Paper Industries Ltd.
2.	O 119/74	129/75	Spoorlyn en sylyn	Impala Platinum Ltd.
3.	PL 1440	A185/52	Ondergrondse loods en telefoonkabel	ESKOM
4.	O 160/77	189/77	Rioolpyplyn	Stadsraad van Springs
5.	PL 1067	A178/41	Rioolpyplynroete	Stadsraad van Springs
6.	PL 1073	A252/41	Oorhoofse elektriese kraglyne met ondergrondse elektriese kables	ESKOM
7.	PL 1411	A 5/52	Oorhoofse elektriese kraglyne met ondergrondse elektriese kables	ESKOM
8.	PL 585	A 36/31	Elektriese kragverspreidingslyne en ondergrondse elektriese kables.	ESKOM

PLAASLIKE KENNISGEWING 2754

STADSRAAD VAN SPRINGS

PROKLAMERING VAN 'N PAD OOR DIE PLAAS VOGEL-STRUISBULT 127 I.R.

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 5 van die "Local Authorities Road Ordinance", 1904, soos gewysig, dat die Stadsraad van Springs 'n versoekskrif tot die Administrateur gerig het om die pad wat in die bylae hiervan omskryf word en gedefinieer word deur diagram L.G. No. A1303/89 wat deur Landmeter G.A. Purchase opgestel is van opmetings wat in Januarie 1989 gedoen is, as openbare pad te proklameer.

'n Afskrif van die versoekskrif en diagramme lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige belanghebbende persoon wat 'n beswaar teen die proklamerings van die voorgestelde pad het, moet sodanige beswaar skriftelik, in twee-

duplicate with the Director of Local Government, Private Bag X340, Pretoria, 0001, and with the undersigned not later than 1 October 1990.

Civic Centre
Springs
30 July 1990
Notice No. 104/1990

H.A. DU PLESSIS
Town Clerk

SCHEDULE
DESCRIPTION OF ROAD

A road generally 25 m wide which is a link-up between Selcourt Extension 3 and Sharon Park.

Ref No.	RMT Plan No.	S.R. Permit No.	Description of Right	Registered Holder
1.	RWB403	—	Water pipeline	Rand Water Board
2.	SR79	B1/33	Road	Eskom
3.	0104/86	61/88	Strip of land for slimes pipelines, underground water pipeline, overhead electric cables and access road w/f.	East Rand Gold and Uranium Co. Ltd.
4.	SR77	B2/32	Overhead electric power distribution lines and underground cables.	Eskom
5.	SR95	B1/35	Overhead electric power distribution line and underground electric cables.	Eskom
6.	SR180	B2/39	Overhead electric power lines with underground electric cables.	Eskom
7.	SR225	B53/41	Overhead electric power lines with underground electric cables.	Eskom
8.	SR463	B7/59	Overhead electric power lines with underground electric cables.	Eskom
9.	RWB399	—	Water pipeline	Rand Water Board
10.	082/85	96/86	Underground gas pipeline	Die SA Gas-distribusie-korporasie Bpk.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3007

WITBANK TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES IN RESPECT OF ADMISSION TO AND THE USE OF FACILITIES AT THE WITBANK RECREATION RESORT

In terms of the provisions of section 80(B) of the Local Government Ordinance 1939 (Ordinance 17 of 1939) it is hereby notified that the Town Council of Witbank has by Special Resolution, withdrawn the Charges in respect of Admission to and the use of facilities at the Witbank Recreation Resort, published in Local Authority Notice 1944 dated 19 July 1989, as amended, and determined the Charges in respect of admission to and the use of facilities at the Witbank Recreation Resort as set out in the Schedule below, with effect from 1 July 1990.

J.D.B. STEYN
Town Clerk

Administrative Centre
PO Box 3
Witbank
1035
Notice No. 100/1990
29 August 1990

voud, by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X340, Pretoria, 0001, en die ondergetekende indien nie later nie as 1 Oktober 1990.

Burgersentrum
Springs
30 Julie 1990
Kennisgewing No. 104/1990

H.A. DU PLESSIS
Stadsclerk

BYLAE
BESKRYWING VAN PAD

'n Pad oor die algemeen ongeveer 35 m wyd wat 'n verbindingspad is tussen Selcourt-uitbreiding 3 en Sharonpark.

REGTE WAT GERAAK WORD

Verw No.	RMT Plan	Permit Nommer	Beskrywing van Regte	Houer
1.	RWB403	—	Waterpyplyn	Randwater-raad
2.	SR79	B1/33	Pad	Eskom
3.	0104/86	61/88	Strook grond vir slykpyplyn, ondergrondse waterpyplyn, oorhoofse elektriese kables en toegangspad w/f.	East Rand Gold and Uranium Co. Ltd.
4.	SR77	B2/32	Oorhoofse elektriese kragverspreidingslyne en ondergrondse kables.	Eskom
5.	SR95	B1/35	Oorhoofse elektriese kragverspreidingslyne en ondergrondse elektriese kables	Eskom
6.	SR180	B2/39	Oorhoofse elektriese kraglyne met ondergrondse elektriese kables	Eskom
7.	SR225	B53/41	Oorhoofse elektriese kraglyne met ondergrondse elektriese kables.	Eskom
8.	SR463	B7/59	Oorhoofse elektriese kraglyne met ondergrondse elektriese kables.	Eskom
9.	RWB399	—	Waterpyplyn	Randwater-raad
10.	082/85	96/86	Ondergrondse gaspyplyn	Die SA Gas-distribusie-korporasie Bpk.

15-22-29

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3007

STADSRAAD VAN WITBANK

VASSTELLING VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN TOEGANG TOT EN DIE GEBRUIK VAN GERIEWE BY DIE WITBANK ONTSPANNINGSOORD

Ingevolge die bepalings van Artikel 80(B) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Witbank by Spesiale Besluit die Gelde ten opsigte van Toegang tot en die Gebruik van Geriewe by die Witbank Ontspanningsoord, afgekondig by Plaaslike Bestuurskennisgewing-nommer 1944 gedateer 19 Julie 1989, soos gewysig, ingetrek het en met ingang van 1 Julie 1990 die Gelde ten opsigte van Toegang tot en die Gebruik van Geriewe by die Witbank Ontspanningsoord soos in die onderstaande Bylae uiteengesit, vasgestel het.

J.D.B. STEYN
Stadclerk

Administratiewe Sentrum
Posbus 3
Witbank
1035
Kennisgewing No. 100/1990
29 Augustus 1990

oord1ju/Ek

SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

ADMISSION TO AND THE USE OF FACILITIES AT THE WITBANK RECREATION RESORT

A. TARIFFS FOR DAY VISITORS:

1. ADMISSION CHARGES:	Weekdays (Mon. to Thursdays) excluding school holidays, holidays and weekends:	Weekends, Tvl. school holidays, holidays and long weekends:
-----------------------	--	---

(1) Vehicles and Vessels:		
(a) Per vehicle.....	No charge	R4,00
(b) Per motor boat	No charge	R8,00
(c) Per canoe, sail boat, rowing boat, wind surfer or similar	No charge	R3,00

(2) For each person:		
(a) Per adult	R4,50	R4,50
(b) Per child (up to the age of 12 years)	R2,00	R2,00

(3) Groups of persons:		
(a) Groups (20 persons or more if booked in advance):		

(i) Non-residents of Witbank:	Normal tariff payable per person, less discount of 30 %	
	Weekdays (Mon. to Thursdays) excluding school holidays, holidays and weekends:	Weekends, Tvl. school holidays, holidays and long weekends:

(ii) Residents of Witbank:	Normal tariff payable per person, less discount of 50 %	
----------------------------	---	--

(b) Groups of children (20 persons or more, if booked in advance):		
--	--	--

(i) Schools outside Witbank, per person:	R0,75	R1,00
--	-------	-------

(ii) Schools in Witbank, Municipal area, per person:	R0,30	R0,50
--	-------	-------

(4) Year and Season ticket (available to Witbank residents only, after a water and electricity account, together with proof of identity have been displayed. Not transferable under any circumstances):

(a) Admission to visitors as determined from time to time by the Council by the display of a yearly season ticket: No charge.

(b) Pensioners (60 years and older) residing in Witbank by the display of a yearly season ticket: No charge.

(c)(1)(i) Year ticket at a charge of R260,00 thereafter permitting free entrance for 5 persons per vehicle (extra persons at normal entrance fee) for the period 1 July to 30 June of the ensuing year, or part thereof.

(ii) Season ticket at a charge of R36,00 thereafter permitting free entrance for 5 persons per vehicle (extra persons at normal entrance fee) for 6 visits.

(iii) Season tickets at a charge of R72,00 thereafter permitting free entrance for 5 persons per vehicle (extra persons at normal entrance fee) for 12 visits.

(c)(2) Ensuing season tickets under (c)(ii) and (iii) shall be issued on a similar basis after proof has been submitted that the previous season ticket has been fully used.

(d)(1)(i) Year ticket for a motor boat at a charge of R220,00 thereafter permitting free entrance for the period 1 July to 30 June of the ensuing year or part thereof.

(ii) Season ticket for a motor boat at a charge of R36,00 thereafter permitting free entrance for 6 visits.

(iii) Season tickets for a motor boat at a charge of R72,00 thereafter permitting free entrance for 12 visits.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

TOEGANG TOT EN DIE GEBRUIK VAN GERIEWE BY DIE WITBANK ONTSPANNINGSOORD

A. DAGBESOEKERSTARIEWE:

1. TOEGANGSGELDE:

	Weeksdae (Ma. tot Do.) Uitgesluit Skoolvakansies, Vakansiedae en Naweke:	Naweke, Tvl. Skool-vakansies, vakansiedae en Lang-Naweke:
--	--	---

(1) Voer- en Vaartuie:		
(a) Per voertuig	Gratis	R4,00
(b) Per motorboot	Gratis	R8,00
(c) Per kano, seilboot, roeiboot, windsceilplank of soortgelyk	Gratis	R3,00

(2) Vir Elke Persoon:		
(a) Per volwassene	R4,50	R4,50
(b) Per kind (tot met ouderdom 12 jaar)	R2,00	R2,00

(3) Groepe van Persone:		
(a) Groepe (20 persone of meer, indien vooraf bespreek):		

(i) Nie-inwoners van Witbank:	Normale tarief betaalbaar per persoon, min korting van 30 %	
-------------------------------	---	--

	Weeksdae (Ma. tot Do.) Uitgesluit Skoolvakansies, Vakansiedae en Naweke:	Naweke, Tvl. Skool-vakansies, vakansiedae en Lang-Naweke:
--	--	---

(ii) Inwoners van Witbank:	Normale tarief betaalbaar per persoon, min korting van 50 %	
----------------------------	---	--

(b) Skoolgroepe (20 persone of meer, indien vooraf bespreek):		
---	--	--

(i) Skole buite Witbank, per persoon:	R0,75	R1,00
---------------------------------------	-------	-------

(ii) Skole binne Munisipale gebied van Witbank, per persoon:	R0,30	R0,50
--	-------	-------

(4) Jaar- en Seisoenkaartjie (slegs beskikbaar aan inwoners van Witbank, by vertoning van 'n Water- en Ligte-rekening tesame met 'n identiteitsdokument, onder geen omstandighede oordraagbaar nie):

(a) Toegang deur besoekers soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal by die toon van 'n jaar-seisoenkaartjie: Gratis.

(b) Gepensioeneerdes (60 jaar en ouer), woonagtig in Witbank by die toon van 'n jaar-seisoenkaartjie: Gratis.

(c)(1)(i) Jaarkaartjie teen 'n bedrag van R260,00 wat daarna gratis toegang verleen aan 5 persone per voertuig (bykomende persone teen normale tarief) vir die tydperk 1 Julie tot 30 Junie van die daaropvolgende jaar, of gedeelte daarvan.

(ii) Seisoenkaartjie teen 'n bedrag van R36,00 wat daarna 6 gratis besoeke vir 5 persone per voertuig (bykomende persone teen normale tarief sal toelaat).

(iii) Seisoenkaartjie teen 'n bedrag van R72,00 wat daarna 12 gratis besoeke vir 5 persone per voertuig (bykomende persone teen normale tarief sal toelaat).

(2). Daaropvolgende seisoenkaartjies onder (c)(ii) en (iii) sal op 'n soortgelyke basis uitgereik word by die indiening van bewys dat die vorige seisoenkaartjie ten volle gebruik is.

(d)(1)(i) Jaarkaartjie ten opsigte van motorbote teen 'n bedrag van R220,00 wat daarna gratis toegang vir die tydperk 1 Julie tot 30 Junie van die daaropvolgende jaar of gedeelte daarvan, sal toelaat.

(ii) Seisoenkaartjie ten opsigte van motorbote teen 'n bedrag van R36,00 wat daarna 6 gratis besoeke sal toelaat.

(iii) Seisoenkaartjie ten opsigte van motorbote teen 'n bedrag van R72,00 wat daarna 12 gratis besoeke sal toelaat.

(2) Ensuing Year and Season tickets shall be issued on a similar basis after proof has been submitted that the previous season ticket under d(ii) and (iii) has been fully used.

(e) Sail boats, rowing boats, canoes, wind surfers, after a season ticket as intended under item (c) has been displayed: No charge.

(f) Members of the S.A. Canoe Union, per member, at an amount of R40,00 thereafter permitting free entrance for the period 1 April to 30 March.

B. ACCOMMODATION:

1. CHALETS:

(1)

Season	Period	Daily Tariff
(i) Low season (3 nights and longer) Mid Season tariffs will be applicable if stay is shorter than 3 nights.	1 May to 31 August	One person — R40,00 Two to four persons — R50,00
(ii) Mid season	Monday to Thursday (Transvaal school holidays excluded).	One person — R50,00 Two to four persons — R70,00
(iii) High season	Transvaal School holidays, week-ends and long week-ends.	Two to four persons — R100,00
(iv)		Tariff for each additional person more than 4 persons with regard to sub-item 1(i) and (ii) — R5,00.

(2) A deposit of R50,00 will be payable on reservation of a chalet.

(3) If a reservation for a chalet is cancelled:

(a) Notice of cancellation within 31 days or more prior to the occupation date: Full deposit repayable.

(b) Notice of cancellation within 15 to 30 days prior to occupation date: Half of the deposit repayable.

(c) Notice of cancellation within 14 days and less prior to the occupation date: No deposit repayable with the exception of death and illness.

(4) A breakage deposit, as determined by the Council from time to time, shall be payable in addition to the charges in terms of subitems B.1(1)(i) to (iv).

(5) An amount of R10,00 will be deducted from the deposit if crockery or cutlery is left unwashed.

2. CARAVANS AND TENTS

(1)

Season	Period	Daily Tariff Per caravan (1 to 5 persons)		
		Without power-point	Caravan park 1	Caravan park 2 and 3
(i) Low season (any number of nights)	1 May to 31 August	R12,50	R15,00	R15,00
(ii) Mid season	Monday to Thursday 1 September to 30 April (Transvaal School holidays and long week-ends excluded.)	R12,50	R15,00	R20,00
(iii) High season	1 September to 30 April (Transvaal School holidays and long week-ends).	R25,00	R15,00	R30,00

(2) For each additional person in respect of sub-item (1)(i) and (ii) per night: R4,00.

(3) A maximum number of 8 persons per site will be permitted.

(4) For each additional motor vehicle, more than 1, per day: R5,00.

(5) Children under the age of 3 will in all instances stay free of charge.

(6) Pre-school children will stay free of charge outside Transvaal School holidays.

(2) Daaropvolgende Jaar- en Seisoenkaartjies sal op 'n soortgelyke basis uitgereik word by die indiening van bewys dat die vorige seisoenkaartjie onder (d) (ii) en (iii) ten volle opgebruik is.

(e) Seilbote, roeibote, kano's, windseilplanke: by die toon van 'n seisoenkaartjie soos bedoel in item (c): Gratis.

(f) Lede van die S.A. Kano-Unie, per lid teen 'n bedrag van R40,00 wat daarna gratis toegang verleen vir die tydperk 1 April tot 30 Maart.

B. HUISVESTING:

1. CHALETS:

(1)

Seisoen	Tydperk	Tarief per dag
(i) Laagseisoen (3 nagte en langer) Indien verblyf korter is as 3 nagte sal mid-seisoen-tarief geld.	1 Mei tot 31 Augustus	Een persoon — R40,00 Twee tot vier persone — R50,00
(ii) Midseisoen	Maandag tot Donderdag (Transvaalse skoolvakansies uitgesluit)	Een persoon — R50,00 Twee tot vier persone — R70,00
(iii) Hoogseisoen	Transvaalse Skoolvakansies, gewone en lang-naweke	Twee tot vier persone — R100,00
(iv)		Tarief vir elke bykomende persoon bo 4 persone ten opsigte van sub-item 1 (i) en (ii) — R5,00.

(2) 'n Deposito van R50,00 sal betaalbaar wees met bespreking van 'n chalet.

(3) Wanneer besprekings van chalets gekanselleer word:

(a) Kennisgewing van kansellasië vanaf 31 dae en meer voor okkupasiedatum: volle deposito terugbetaalbaar.

(b) Kennisgewing van kansellasië vanaf 15 — 30 dae voor okkupasiedatum: helfte van deposito terugbetaalbaar.

(c) Kennisgewing van kansellasië 14 dae en minder voor okkupasiedatum: geen deposito terugbetaalbaar met uitsondering van dood en siekte.

(4) 'n Breekskade-deposito, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, is betaalbaar benewens die gelde ingevolge subitems B.1(1)(i) tot (iv).

(5) 'n Bedrag van R10,00 sal van die deposito verhaal word indien breekware of messeware ongewas gelaat word.

2. WOONWAENS EN KAMPERING

(1)

Seisoen	Tydperk	Daaglikse Tarief Per woonwa: (1 tot 5 persone)		
		Sonder kragpunt	Woonwa-park 1	Woonwa-park 2 en 3.
(i) Laagseisoen (enige aantal nagte)	1 Mei tot 31 Augustus	R12,50	R15,00	R15,00
(ii) Midseisoen	Maandag tot Donderdag 1 September tot 30 April (Transvaalse Skoolvakansies en lang-naweke uitgesluit)	R12,50	R15,00	R20,00
(iii) Hoogseisoen	1 September tot 30 April (Transvaalse Skoolvakansies en langnaweke)	R25,00	R15,00	R30,00

(2) Vir elke bykomende persoon ten opsigte van sub-item 1(i) en (ii) per nag: R4,00.

(3) 'n Maksimum van 8 persone per perseel word toegelaat.

(4) Vir elke bykomende motor meer as een, per dag: R5,00.

(5) Kinders jonger as 3 jaar bly in alle gevalle gratis.

(6) Voorskoolse kinders bly buite Transvaalse Skoolvakansies gratis.

(7) Discount:

(a) A 40 % Discount will be granted to pensioners (60 years and older), who is residing in Witbank, during low and mid season.

(b) A 30 % Discount per caravan will be granted to caravan clubs for rallies, provided that proof of membership of the caravan club is submitted, at Caravan Park 2 and 3, provided that a caravan rally must consist of at least 10 caravans.

(c) A 40 % Discount per caravan and per camping site will granted to members of the S.A.A.M.E. (Witbank-branch, excluding school holidays and long week-ends).

(8) A deposit of R30,00 per reservation of a caravan or camping site will be payable when such a booking is made.

(9) When a reservation for a caravan or camping site is cancelled:

(a) Notice of cancellation within at least 31 days or more prior to the occupation date: Full deposit repayable.

(b) Notice of cancellation within 15 to 30 days prior to the occupation date: Half of the deposit repayable.

(c) Notice of cancellation within 14 days and less prior to the occupation date: No deposit repayable with the exception of death and illness.

C. SALE OF MISCELLANEOUS ITEMS:

1. SALE OF FIREWOOD (if available): Per bundle: R2,00.

2. USE OF THE ROLLERSKATING COURSE: Per half hour: R0,30c.

3. USE OF THE MINI-GOLF COURSE: Per round: R1,00.

4. USE OF WATER SLIDE: For three slides: R1,00.

D. TARIFFS FOR LAUNDRY SERVICES:

1. TARIFFS FOR LAUNDRY: Abattoir and Clinic:

1.1 Abattoir (washing and ironing)

Item	Price
Overall	R1,30 (washing only)
Over-jacket	R0,90 (washing only)
Overcoat	R1,20
